Laerskool Lynnwood

Roderickswег, Lynnwood
Posbus 74929, Lynnwoodrif 0040
Tel: 012 348 8894/1306
Faks: 012 348 1305
E-pos: admin@lynnwoodlaer.co.za
www.lynnwoodlaer.co.za

KUNSTE AKADEMIE

Januarie 2021

Dans: Ballet

Beste Ouers en leerders

Baie welkom terug na ‘n baie moeilike 2020 jaar. Ons hoop julle is almal goed uitgerus en vol energie vir 2021 en al sy nuwe uitdagings. Baie dankie vir almal se entoesiastiese deelname aan ons Zoom lesse, November eksamen sessie en ons “Zoom Dance Challenge” https://youtu.be/J4HpV6LOwl8. Te danke aan julle ondersteuning en toegewydheid kon ons leerders aanhou dans en hulself in hulle passie uitleef. Ons hoop om regtig hierdie jaar Zoom en YouTube lesse te vermy, maar as ons geen ander keuse gelaat word nie, is ons almal darem nou al meesters op hierdie gebied ☺

Ons vra asb dat almal wat nog nie reeds het nie, asb so gaaf sal wees om weer `n nuwe 2021 Registrasievorm te voltooi en aan my terug te epos. Ons registers moet reeds 15 Januarie Finansies toe en daar word net ‘n beperkte aantal leerlinge per klas toegelaat.

Stel my asb in kennis wanneer enige kontakbesonderhede gedurende die jaar verander, aangesien ons gereeld deur WhatsApp en Epos kommunikeer. Ek sal julle gereeld op hoogte hou met WhatsApp boodskappe wanneer ek iets belangriks op die webtuiste geplaas het en die “short link” ook vir julle aanstuur.

Lees asb die Inligtingsboekie noukeurig deur en neem kennis van al die belangrike datums. **Agv die onsekerheid rondom die Covid Pandemie kan ons ongelukkig nie langtermyn beplanning doen nie en mag die datums en gebeure dalk skielik verander.** Ons beplan om Mei/Junie ballet eksamens te voltooi en hopelik Okt/Nov weer ‘n pragtige ballet vertoning op die planke te bring!

The theater is the only institution in the world which has been dying for four thousand years and has never succumbed. It requires tough and devoted people to keep it alive.

- **John Steinbeck**

Ons lesse begin reeds Maandag 25 Januarie as als vlot en volgens plan verloop. Sien asb aangeheg die klasrooster en fooie vir 2021.

Julle kan aanlyn onder **Stitch&Twirl** op ons webtuiste laerskool leerlinge se leotards en rompies bestel. Ons het voorbeelde van al die groottes en julle is welkom om ons te kontak of gou na klas te kom aanpas voor julle bestel. Julle kan ook dit aandui op die bestelvorm indien julle nie seker van grootte is nie, dan pas ons na klas. My ma maak elke uitrusting met sorgvuldige liefde en haar pryse is ook baie bekostigbaar.

Koop asb eerder nuwe canvas balletskoene (nie-splitsool nie maar VOL-SOOL) as oues te klein is. Ons verkies canvas of satyn eerder as leerskoene. Leerskoene rek vining uit en wys nie dan mooi die vorm van die voet af nie.

Besoek gerus ons Facebook page: Liezel Marais Dance Academy. Ons plaas gereeld oulike artikels en gebeurtenisse.

Ons nuusbriewe en inligting vorentoe rakende die eksamens, Eisteddfods en opvoerings is gewoonlik in Engels om sodoende al ons kommunikasie tussen leerlinge en skole makliker te maak. Ballet terme ens lees ook net makliker in Engels ☺

"Ek dans want my siel praat in ritmes"

As julle enige verdere inligting verlang kontak ons gerus.

Liezel Marais Boshoff Ballet-dosent Sel: 083 3065565
Annetjie Herman Ballet-dosent Sel: 076 608 7232
Epos: liezelmaraisdanceacademy@gmail.com
www.liezelmaraisdanceacademy.co.za

ROYAL ACADEMY OF DANCE
REGISTERED TEACHER